**Memento Mori: Karel Schoeman**

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/memento-mori-karel-schoeman-20190430

Die meeste mense met 'gedenkwaardige' lewens word na hulle dood op hulle verjaardae herdenk. Daar is egter ook diegene wat uitsonderings op hierdie reël is, soos Karel Schoeman. Sy lewe moet eerder op 1 Mei, sy sterfdag, herdenk word, as op 29 Oktober vanjaar wanneer hy 80 sou geword het.

'n Bestudering van Schoeman se lewe en fiksie gee insig in 'n sekere lewensingesteldheid wat in die sfeer van 'n baie bewuste omgaan met sterwe en dood gestalte kry. So merk hy byvoorbeeld self op: "Sterwe is iets wat jy lewenslank mee besig is" en ook "as ons 'n deel van die werklikheid soos sterwe of oudword as voorspel, inleiding tot sterwe nie kan aanvaar nie, dan beteken dit ons lewe en ons veronreg die lewe, want ons maak nie gebruik van die moontlikhede wat hy ons bied nie." Hierdie lewensingesteldheid kan vir sommige morbied klink (en lewensbly is seker ook nou nie die beste woord om Schoeman mee te beskryf nie), maar soos wat ek hom verstaan, is 'n bewustelike nie-vermyding van jou eie en ander se sterflikheid belangrik vir *mens*wees en vir die belewenis van die sakrament van die huidige oomblik.

In 'n grootliks dood-ontkennende samelewing, soos wat hy ons tydgees herhaaldelik in *Slot van die dag* (2017) beskryf, was Schoeman die skrywer wat dapper en met diepgang regdeur sy oeuvre (fiksie en outobiografie) die tema verken het. Sterwe en dood is ook 'n belangrike sleutel tot Schoeman se werk, want dit is deur bewustelik daaroor te reflekteer, en deur middel van die lees van sy werke selfs daarop te mediteer, wat die lewensreis deur sy karakters, en potensieel ook sy lesers, in 'n ander lig gesien word. Die filosoof Richard Kearney skryf in hierdie verband: 'die kortste pad vanaf verwondering en terug na verwondering, is verlies'.

Sommige mense kan in ons samelewing die dood tot 'n groot mate redelik suksesvol vermy. En natuurlik kan 'n benepenheid met die dood patologies raak. Tog, in die lig van Schoeman se werk, lyk dit asof mense wat hulle daarvoor oopstel om tot in die hart van die donker misteries van die lewe, soos pyn en sterwe (hulle eie en die van ander), te reis, hulle hul eie menslikheid opnuut ontdek en ook nuut kyk na die wêreld en na ander mense. Soos die teoloog Nicolas Wolterstorff geskryf het na die dood van sy seun: "I shall look at the world through tears. Perhaps I shall see things that I dry-eyed could not see".

Karel Schoeman se romans, waarvan baie in die sfeer van sterwe en verlies staan, wys ook dikwels daarop dat alle mense op aarde swerwende Arameërs is; vreemdelinge en bywoners en dus alleen maar gaste van 'n Gasheer. Chris van der Merwe, 'n groot Schoeman kenner, wys in 'n bespreking van *Hierdie lewe* tereg hoe daardie roman wys hoe die boere in die verhaal se drang na grondbesit en die uitbreiding van hul grondgebied ironies is, omrede tydelikheid en sterflikheid die verhaal oorheers en sodoende wys dat die aarde die mens sal besit en nie die mens die aarde nie. Dit is egter nie al sy karakters wat hierdie insig dat hulle alleen maar gaste op aarde is, verkry nie, maar heel dikwels gebeur dit wel met diegene wat gebrokenheid en verlies nie vermy nie. Gereeld sien 'n mens hoe karakters wat deur sterwe en dood gedwing word om dieper en inwaarts te reis, in die proses stroping beleef en dan wel die insig verkry dat hulle op aarde slegs gaste is. Dit is dan ook juis wanneer hulle daardie wete hulle eie maak, lewens meer betekenisvol en ook 'n wins vir ander mense word.

Hierdie gedagte kan nog verder in die taal van Bybelse gasvryheid geformuleer word, aangesien daar in die betoning van gasvryheid teenoor die (gedagte aan) die dood as (onwelkome) vreemdeling en as (ontydige) gas, dieselfde vreemdeling as engel herken word wat die gasheer se lewe met

betekenis vul. Sonder die disoriëntasie wat konfrontasie met sterwe en pyn in die lewe meebring, is ’n heroriëntasie en ’n dieper waardering vir die lewe moeiliker. Hierdie heroriëntasie is egter nie ’n oriëntasie weg uit hierdie lewe en na die ‘hiernamaals’ wat mense kwansuis moet vrees nie, maar inteendeel ’n nuwe oriëntasie op hierdie lewe, die ‘hiermaals’ soos Lina Spies dit noem, daardie ‘sakrament van die huidige oomblik’ waarna Schoeman self gereeld verwys het. Daar is verskeie filosowe wat voor Schoeman al soortgelyke opmerkings oor die betekenis van sterwe en dood gemaak het, maar ek glo nie iemand het dit al gedoen *soos* Schoeman dit in sy fiksie gedoen het nie.

Ten diepste is alle mense op soek na heil en genesing. Daar is gebeure in mense se lewens, veral die dood, wat die potensiaal het om mense inwaarts te laat reis. Daardie inwaartse reis is ’n reis wat mense opnuut laat dink oor waar hulle skat is, en sodoende word dit ’n reis wat harte verander. Dit is ’n inwaartse reis wat die potensiaal het om diegene wat soek na heling, deur middel van hulle belewenis op hierdie reis, self genesing te vind én ook helers van ander mense te maak.

In Schoeman se werk is daardie dade van heling so eenvoudig soos om ’n sieke of sterwende se hand vas te hou of om net in stilte te luister. Dit klink dalk te eenvoudig, maar dit is juis waarom ons Karel Schoeman se lewe jaarliks op sy sterfdag moet gedenk, want dít is presies ook waar die genesing van ons land begin, naamlik om deur klam oë om ons te kyk, na seerkry te luister en hande wat pyn voel in myne te neem.

Hierdie bydrae is opgedra aan Arina Wepener (1970-2019).

Cas Wepener